# DIE SLAG VAN CONGELLA
# 'N PRAKTIESE VOORBEELD VAN BRONNESTUDIE IN DIE PRIMÊRE SKOOL

J.H. Hattingh
Graaff-Reinet Kollege Vir Voortgesette Opleiding

Die onderstaande bronnestudie is gedurende 1987 behandel met 'n standerd 4-klas in 'n Kaaplandse primêre skool.

Die studie is ontwerp en toegepas vóór die verskyning van dr. D.J.J. Coetzee se artikel in die April 1987-uitgawe van GISTER EN VANDAG. Dit het die skrywer getref hoe baie van die voordele van 'n bronnestudie, waarna dr. Coetzee in die slotgedagtes van sy artikel verwys, tydens die bronnestudie in die werklikheid van die klaskamersituasie verwesenlik is. Hierdie artikel moet dus saamgelees word met dr. Coetzee se artikel waarna reeds verwys is. Na die skrywer se mening dien dit as praktiese bewys vir die hoofsaaklik teoretiese aspekte waarna dr. Coetzee verwys.

Die skrywer hoop dat die publikasie van hierdie praktiese voorbeeld as bewys sal dien vir diensdoenende onderwysers, dat dit waarna dr. Coetzee en ander skrywers verwys i.v.m. bronnestudies (bv. J. Olivier en A. van Straaten), nie net akademiese teoretiese onwerklikhede is nie, maar dat dit wel in die praktyk toegepas kan word en dat dit "werk".

## 1. DOELSTELLING MET DIE STUDIE

Hierdie bepaalde bronnestudie het om twee basiese doelstellings gewentel:

1. Om standerd 4-leerlinge met die elementêre werkswyses van die historikus te laat kennis maak:
   - a) die verskil tussen primêre en sekondêre bronne;
   - b) die verwerking van dikwels teenstrydige getuienis;
   - c) die betroubaarheid van ooggetuies;
   - d) algemene probleme i.v.m. die voorkoms, verstaanbaarheid en betroubaarheid van bronne.
2. Om standerd 4-leerlinge te laat besef dat hulle handboek 'n baie beperkte bron van historiese kennis is.

Gedurende die klas- en groepbesprekings wat natuurlik ontwikkel het soos die antwoorde op die vrae in die klas behandel is, het verskeie ander aspekte i.v.m. bogenoemde twee hoofdoelstellings egter ook aandag gekry en het die studie baie wyer uitgekring as wat die aanvanklike doelstellings beoog het.

## 2. SELEKSIE VAN BRONNE

Met die seleksie van die bronne is daar basies vier kriteria gebruik:

- a) Reproduksie van oorspronklike dokumente om die leerlinge 'n idee te gee van die vorm waarin bronne dikwels voorkom.
- b) Bronne met teenstrydige en/of gedeeltelike inligting, sodat leerlinge inligting moet saamvoeg om 'n geheelbeeld te verkry.
- c) Visuele voorstellings, sodat die leerlinge nie oorweldig word met te veel geskrewe teks nie.
- d) Voorbeelde van sekondêre en primêre bronne, sodat die leerlinge die verskil tussen die twee tipes bronne prakties kan ervaar.

Die "dokumente" wat gebruik is, kom uit basiese naslaanbronne. Die enigste noodsaaklike apparaat wat benodig word, is 'n fotostaatmasjien vir reproduksie van die visuele dokumente.

## 3. BESPREKING VAN DIE VERSKILLENDE TIPES BRONNE WAT GEBRUIK IS

- a) Bronne 1, 2 en 3 is sekondêre bronne wat 'n drieledige doel dien:
  - i) Dit dien as voorbeelde van sekondêre bronne.
  - ii) Dit verskaf aan die leerlinge algemene agtergrond en inligting t.o.v. die betrokke onderwerp.
  - iii) Al die bronne noem nie dieselfde feite nie, sodat leerlinge gedwing word om inligting saam te voeg.
- b) Bron 4 is 'n primêre bron waarvan die oorspronklike spelling en bewoording gedeeltelik behou is in die gepubliseerde vorm. Die bron skakel gedeeltelik in by bronne 1, 2 en 3 omdat dit ook 'n algemene oorsig gee, maar dit verskaf meer detail en illustreer die verskil tussen primêre en sekondêre bronne baie duidelik.
- c) Bronne 5 en 6 is visuele bronne wat onder andere ook daartoe bydra dat die leerlinge 'n beter begrip kan vorm van die omstandighede in Smith se kamp.
- d) Bron 7 is 'n direkte reproduksie van Pretorius se brief. Die doel daarmee is om die leerlinge 'n idee te gee van die probleme i.v.m. die ontsyfering van geskrewe bronne.
- e) Bron 8 is ingesluit om as 'n verdere voorbeeld te dien van die faktore wat 'n historikus moet oorweeg wanneer hy die waarde van 'n bron beoordeel (Kunstenaar se voorstelling).

(Die probleem met die onduidelike skrif en vae lyne in bron 6 het egter geblyk 'n uiteindelike voordeel te wees, aangesien dit die leerlinge nog beter laat besef het met watter probleme die historikus moet worstel wanneer hy inligting insamel).

**4. WERKWYSE**

Aangesien die betrokke leerlinge nog nie voorheen ondervinding of kennis van bronnestudies opgedoen het nie, is daar eers 'n inleidende les vir hulle aangebied waarin die volgende aspekte behandel is:

**a)** Wat is 'n historiese bron?
**b)** Die verskil tussen primêre en sekondêre bronne.
**c)** Die werkswyse van 'n historikus.
**d)** Die doel van die bronnestudie.

Daarna is bronne 1, 2 en 3 aan die leerlinge uitgedeel en moes hulle dit bestudeer en vrae 1 tot 4 beantwoord. Tydens die volgende lesuur is die antwoorde op vrae 1 tot 4 met die klas behandel en bronne 4 en 5 uitgedeel met die gepaardgaande vrae. Na die voltooiing en bespreking van die vrae is die laaste bronne en vrae aan die leerlinge gegee.

**5. LEERLINGE SE REAKSIE OP VRAE**

**a)** Vraag 1 (lys van voedselsoorte) het geen probleme vir die leerlinge besorg nie en meer as 80% van die klas kon die inligting uit die verskillende bronne kombineer en oorvleueling elimineer.

**b)** Vraag 2, waar die leerlinge botsende inligting moes verwerk en tot 'n gevolgtrekking moes kom, was baie suksesvol. Die besef dạt die historikus baie keer met benaderde getalle tevrede moet wees, is prakties deur die leerlinge ingesien. Na aanleiding van dié vraag kon die leerlinge se aandag suksesvol gevestig word op ander getalle wat in die handboek voorkom, bv. m.b.t. die Slag van Bloedrivier, en dat akkuraatheid nie altyd moontlik is nie.

**c)** Met vrae 3 en 4 is daar gepoog om:
**i)** die leerlinge die situasie uit die historiese agent se oogpunt te laat sien;
**ii)** die leerlinge se vermoë om spesifieke feite uit verskillende bronne te selekteer, te toets.

Hier die twee vrae was ook baie suksesvol. Die leerlinge het self vrae gevra soos: Wat was die trefafstand van die kanonne? Was daar hoë koppies rondom die kamp? ens.

**d)** Met vraag 5 is daar gepoog om die leerlinge self te laat insien dat Joseph Cato se ontsnapping ook Britse versterkings tot gevolg sou gehad het. Tydens 'n klasbespreking is die hele gedagte van die persoon wat tweede kom en dus gewoonlik vergeet word, aan die leerlinge uitgelig en na aanleiding van Dick King en Joseph Cato bespreek.

**e)** Vraag 6 (Pretorius se brief) was bo verwagting suksesvol. Alhoewel opdrag aan die leerlinge gegee is om nie meer as 5 minute van hulle tyd aan die vraag te bestee nie, het die meerderheid van die klas vrywillig baie meer tyd aan die vraag gewy en werklik baie moeite gedoen om die brief volledig te ontsyfer. Die leerlinge was baie geesdriftig hieroor en het spontaan geargumenteer en geredeneer oor die presiese bewoording van die brief. As 'n aktiwiteit om die leerlinge te laat kennis maak met een van die probleme wat die historikus ondervind wanneer hy primêre bronne gebruik, was dié vraag baie suksesvol.

**f)** Vrae 7 en 8 is ingesluit om die leerlinge te dwing om met aandag en insig na die twee visuele bronne (bronne 5 en 6) en 8 is gebruik as basis vir 'n bespreking van die betroubaarheid van 'n kunstenaar se voorstelling. Vergelyk bron 5 wat deur kaptein Smith self geskets is en veral bron 8 wat 'n kunstenaar se voorstelling is.

**g)** Vraag 9 handel oor die betroubaarheid van ooggetuies. Met hierdie vraag het die leerlinge weer eens bo verwagting goed gereageer. Die leerlinge het self aspekte genoem soos: hoe bevooroordeeld was hy? (getroud met Maritz se dogter); hoe goed kon hy waarneem?; verskille met ander bronne; foute wat by vertaling insluip, ens. Die klasbespreking van hierdie aspek het twee lesure in beslag geneem waartydens die leerlinge self aan die woord was en alle relevante aspekte van die betroubaarheid van ooggetuies uitgepluis is.

**h)** Vraag 10 het gedien as vaslegging en kontrolering. Meer as 80% van die leerlinge kon die verskillende bronne korrek rangskik en ook volledig en korrek motiveer waarom hulle 'n bepaalde bron onder 'n sekere hoof indeel.

**6. GEVOLGTREKKINGS**

**a)** Seker die belangrikste voordeel van die studie was die opvallende geesdrif waarmee die oorgrote meerderheid van die leerlinge aan die oefening deelgeneem het. Alhoewel dit 'n nuwe werkwyse vir die leerlinge was en baie van die vrae deur hulle as ''moeilik'' beoordeel is, het baie van die leerlinge moeite gedoen om op die uitdaging te reageer en was die peil van belangstelling deurgaans hoog.

**b)** Deur die loop van die jaar het die leerlinge kennis gemaak met 'n verskeidenheid van aanbiedingswyses en aktiwiteite, maar met 'n onlangse meningsopname het meer as 70% van die leerlinge die bronnestudie uitgesonder as die aangenaamste en interessantste aktiwiteit van die jaar.

**c)** Die leerlinge openbaar 'n opvallende hoë retensievermoë i.v.m. die aspekte wat tydens die bronnestudie behandel is. Wanneer daar terugverwys word na aansluitende gebeure, aspekte en/of materiaal, kan die leerlinge die relevante idees maklik voor die gees roep en die korrekte insigverbande smee.

**d)** Alhoewel baie tydrowend (die studie het 10 lesure van 30 minute elk geduur), is die voordele daaraan verbonde geweldig groot. Nie net is die aanvanklike doelstellings (sien inleiding) verwesentlik nie, maar daar kan gedurig na sekere aspekte terugverwys word. Die leerlinge se siening i.v.m. die vak en wat dit behels, het na die bronnestudie 'n besliste ommekeer ondergaan.

**e)** Objektief beoordeel, het (binne sy beperkte omvang) hierdie studie dit bevestig wat dr. Coetzee in sy reeds aangehaalde artikel bespreek het.

**Bestudeer bronne 1, 2 en 3 en beantwoord dan die volgende vrae:**

1. Maak 'n lys van al die voedselsoorte wat die Britte in kamp geëet het.
2. Hoeveel Britse soldate het gedurende die periode 23 Mei 1842 tot 25 Junie 1842 gesterf?
3. Waarom het Pretorius nie die Britse kamp bestorm en die beleg tot 'n einde gebring nie?
4. Maak 'n lys van al die probleme wat die Britse

greatest trouble during the month, and not the 651 cannon-balls that fell in the camp.

During the siege Joseph Cato, brother of the well-known George who was captured by the Boers, carried out an exploit that equalled Dick King's. He escaped with the *Mazeppa* from among the Boers and sailed to get help. King's ride, however, was so successful that the schooner *Conch* and the frigate *Southampton* were able to land the soldiers asked for at Port Natal on 26 June. Their commander was Lt.-Col. A.J. Cloete, who relieved the British camp and took over the command in Natal, exactly a month after the battle.

**BRON 4**

Congella: Uit die dagboek van Carl Behrens, 9-24 Mei 1842.

Die Duitser Heinrich Eduard Carl Behrens (1818–1893), wat getroud was met Maria Magdalena, dogter van Gert Maritz.

19 Mei – Die Boere wil huis-toe, of baklei.

20 Mei – Pretorius laat in Congella afkondig dat verraad met 10,000 riksdaalders boete of drie jaar in kettings gestraf sal word.

22 Mei – Die *Mazeppa* loop binne met Goewermentsvoorrade; onder (aan die Baai) lê 'n Engelse wag van 25 man met 'n kanon.

23 Mei – Die Boere, tans 300 man sterk, neem posisie by Delegorgue se huis, om die mense te beskerm wat osse van die Engelse laer wegdryf. Die Engelse trek uit en skiet met hul kanon naar die bos waar die Boere lê, maar sonder om skade te doen; net twee osse van D. Steller word deur een bom gedood.

Snags om 12-uur by maanskyn en laagwater trek 'n afdeling Engelse met twee kanonne langs die strand naar Congella. 'n Patrollie Boere, wat hier dig by die dorp lê, gewaar dit, maar laat die Engelse passeer; 'n ander patrollie, 30 man sterk, trek stilletjies saam en neem posisie in die mengerhoutbos aan die strand voor Congella. Die Engelse rig hul twee kanonne, en bowendien een van die eiland af, en 'n ander vanaf die Goewermentsvoorrade, op Congella, en skiet vir al wat hul werd is, maar skiet ewenwel altyd regs van Congella, sonder huis of mens te tref.

Die patrollie in die bos wag dat daar van Congella hulp sou kom, om dan gemeenskaplik op die 100 of 150 man Engelse te skiet; dié hulp kon egter nie deur nie, onderwyl die Engelse heftig skiet met vuurpyle, granate, ens.

Nou roep die Engelse: "Hurrah, the farmers are gone!" en op dieselfde oomblik begin die 30 man in die bos met peletonvuur. Tegelyk werd alle geskut daarheen gerig. Die Boere weer hul dapper; en toe hul uit Congella hulp bereik, het die Engelse inderdaad op die vlug geslaan.

Die twee kanonne, muilwaens en ammunisie werd gebuit, 'n menigste gewere, vyf gewonde. Die Engelse vlug deur die water, en menigeen moes jammerlik verdrink.

Die hele geveg het veertig minute geduur. Die Boere ruk tegelyk op, om die laer aan te val, en verdeel hul in drie afdelinge. Ongeveer om half-drie brand die geskiet los. 'n Klein fort met twee kanonne werd terselfdertyd deur die Engelse verlaat. Nou het hul egter nog net een groot kanon, waarmee hul granate werp, wat oor ons huise wegfluit en rondom ons in die grond slaan.

Cato en alle Engelse burgers het van die land op die *Mazeppa* gevlug. Die Boere onderhou heftige peletonvuur, ongeveer 'n uur lang, totdat al hul kruit en lood verskiet was en Pretorius die terugtog kommandeer.

24 Mei – Die Boere vermis net een man en het drie seer lig gewondes. Pretorius stuur Morewood met 'n brief naar kapt. Smith, waarin hy meld dat hy (Smith) sy dooies en gewondes kan verwyder en dat hy (Pretorius) dieselfde van hom verlang.

Kapt. Smith is reeds 'n bietjie makker geword en neem die brief dadelik aan. Hy was baie bly oor hierdie berig en sê hy glo dat daar vier Boere geval het. Dit was 'n leuen; net een enkele het 'n kartetskoeël midde deur die kop gekry. Sy naam was Kreling (Greyling), sy ouderdom vyftien jaar. Die Engelse had vier gewondes, een dooie offisier (wat deur Gert du Toit doodgeskiet werd, wat daarvoor dié se perd, 'n swart hengs, wat die gedode (man) £116 kos, behou het), en sewe dooies.

Daar het egter nog voortdurend dooies uitgespoel. Die Engelse gee hul verlies in die laer op drie man aan. Dit is egter onmoontlik; dit moet meer wees. Hul stuur die gedode Boer insgelyks uit. Die helfte van die Engelse hul osse is afgeneem; van 66 span (van 14 elk) is hul noueliks 25-30 span oorgebly.


(Oorspronklike spelling en bewoording gedeeltelik behou).

**BRON 5**

'n Waterverf-skets deur kapt. T.C. Smith van sy beleërde kamp, waarvan hy verskeie sketse gemaak het terwyl hy op ontsetting gewag het.




**BRON 6**



## BRON 7

Brief van Pretorius aan Kaptein Smith


[illegible] 2 Juny 1842

Capetyn

[illegible] den Heer Archbell om [illegible] de Vrouwen en Kinderen die in de Kamp is naar Boord van de Scheepen te laten gaan [illegible] let voor [illegible] onschuldig bloed te vergieten

[illegible]


Myn Heer

Get. [illegible]

## BRON 8

**Ontsnapping van die *'Mazeppa'*, 10 Junie 1842**

Die Boere het beslag gelê op die *'Mazeppa'* en die 'Pilot', wat Port Natal aangedoen het. Hulle het die vroue en kinders toegelaat om die beleërde kamp te verlaat en op die *'Mazeppa'* te bly. Joseph Cato, wat ongesiens aan boord agtergebly het, het daarin geslaag om die vaartuig gereed te kry en onder die vuur van die Boere uit die baai te vaar.



### BRONNELYS


Bron 1: Oberholster, J.J., **Die Historiese Monumente van Suid-Afrika,** Kaapstad, 1972. pp. 231-232

Bron 2: Boëseken, A.J., **Van Oorloë en Vrede,** Kaapstad, 1983. pp. 59-60

Bron 3: **Standard Encyclopaedia of Southern Africa,** Volume 3. Cape Town, 1971. p. 385

Bronne 4,5,6,7: Muller, C.F.J., **Die Groot Trek in Beeld,** Kaapstad, 1978. pp. 77-79

Bron 8: Aldridge, Brian, **Die Geskiedenis van Suid-Afrika in Beeld,** Kaapstad, 1973, illustrasie 121